

Sing vooraf: Psalm 103:9

9-

*Maar Gods genade en goedheid is onendig
oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag
wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie,
maar sy bevel **gehoorsaam** wil betrag.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1,2,11,12

-1-

*U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid,
wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal,
wil ek verhoog in onvermoeide taal.*

-2-

*Die HEER is groot, aar is geen sanggeluid
wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet,
dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.*

-11-

*Hy gee die wens van almal wat Hom vrees;
op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar
die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.*

-12-

*Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...
Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd
sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!*

Geloofsbelijdenis Apostolicum

Wet

Na die wet Psalm 25:2

2-

*Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte.*

Gebed.

- Doksologie:
- Aanbidding:
- Skuldbelydenis:

Vergifnis:

- Dank:
- Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God
- Algemene bede:
- Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:

Amen.

Psalm 18:1

1-

*Ek het U hart'lik lief, o HEER!
U is my sterkte-en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk,
my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil,
my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil,
by wie ek vas en veilig skuil.*

-11-

*Sy ordening, dié was voor my,
ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom
en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys,
en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand
en my my reg het toegewys.*

Doop van verbondskindjie: Martin en Debbie Daling.

Skrifberyming 8-1:1, 2

1-

*"Water sal ek op hul sprinkel,
water uit 'n springfontein".
En van alle onreinighede
was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle,
en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder,
aan jul gee 'n hart van vlees.*

-2-

*" 'k Gee my Heil'ge Gees aan julle,
wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë
en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën
deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle,
jul 'n volk sal wees vir My."*

Skriflesing: Prediker 11:9 - 12:14

Teks: Die hele perikoop

Ons moet rekening hou met die lewe deur God te dien terwyl ons die nodige krag en gesondheid daarvoor het

Inleiding

Ek wil graag in hierdie preek die fokus meer op die jeug plaas, alhoewel ek tog weet dat in die Gereformeerde tradisie die predikant met elke erediens vir die hele gemeente preek. Ek doen dit graag met goeie gereformeerde intensies met spesiale fokus op die jong mense omdat ek genooi is om die belydeniskamp waar te neem. Jeug en jonkheid is nie blywend nie, en om die dae daarvan te geniet is een van die mooiste en wonderlikste geleenthede wat mens kan hê. Hoeveel keer hoor mens nie woorde soos, "in my dae, toe ek nog jonk was, toe ek nog jonk was ens." En tog maak dit 'n mens se hart baie seer as 'n kind nie kind wil wees nie en grootmens wil speel, want die dae van kind-wees en jonk-wees gaan so gou verby.

Die boek Prediker handel oor lewensvrae waarvoor daar nie eenvoudige antwoorde is nie. Die lewe, uit watter hoek 'n mens ook daarna kyk, is eenvoudig soos 'n gejaag na wind, vol teenstrydighede en soms ook onbegryplik. Wat dan oorbly, is om die lewe te geniet, ja ten volle, maar God moet gedien word en die gawe van God moet geniet word.

Kom ons kyk hoe hierdie dinge toegepas word in die lewe van die jongmens soos die prediker dit voorskryf.

Die jongeling moet rekening hou met die dae van die jeug

Dit is geen nuus dat almal van ons, oud en jonk, na vreugde soek nie. Ons wil dit hê en voel selfs dat dit ons reg en voorreg is om dit te besit. Vreugde gaan gepaard met blydskap; dit gaan vir ons oor genot en lekkerkry as ek dit in eenvoudige taal kan sê. Ons moet die lewensdae ten volle geniet. Ouers moet kinders en jongmense help om die lewe te geniet. Deure moet oopgemaak word vir die jongmense en hulle mag nie vasgehou word om nie die lewe te geniet nie. Dit is onbybels. Dit is baie maklik vir ouers omdat hulle vrees dat die lewe buite nie goed vir hulle kinders is nie. Hulle wil hulle kinders, die jeug, die jongspan vashou en weghou om hulle te beskerm. Aan die eenkant klink dit goed, maar aan die ander kant kry die jongmense nie goeie blootstelling nie. Die dag wanneer hulle uitpring en koers kies, is dit nie maklik om hom of haar maklik weer op die pad te kry nie.

Dit is soms verbasend om te sien hoe goed 'n student sy matriek deurgekom het, 'n voorbeeldige kind op skool was, maar sodra hy/sy op universiteit kom, loop dinge skeef. Ewe skielik voel die jongmens dat die dae van strengheid nou verby is en dat hy/sy die lewe nou ten volle moet geniet sonder enige teuels. Om dus die jongeling weg te hou en vas te hou is nie werklik die antwoord nie. Die Woord sê dat die lewe ten volle geniet moet word. Elke liewe dag moet ten volle geniet word. Elke oomblik in die lewe is baie belangrik, want dit gaan verby.

Die vraag is dus: hoe moet orde gehou word? Hoe moet die ouers die kind help om die lewe te geniet sonder om die pad byster te raak en verlore te gaan? Hoe moet jongeling toegerus word om koers te hou? In dieselfde vers (9) kry ons die antwoord. Moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor ALLES nie. Die jongeling is ook verantwoordelik vir sy/haar eie lewe. Dit word aan hom/haar gegee om te geniet. Al die mooi dinge kom van God. Dit is in hierdie lewe waar ons God kan dien en vrees en nie in die dood nie. Ons het nou die voordeel om die lewe te geniet, maar op 'n verantwoordelike manier.

In sy priesterlike gebed bid Jesus Christus byvoorbeeld dat die Vader nie die dissipels uit die wêreld moet wegneem nie. Hy bid dat die Vader hulle sal beskerm in hierdie wêreld. Met ander woorde, die Christenjeug is in hierdie wêreld waar hulle voorbeeldig moet lewe onder die beskerming van God. Hulle moet nie vir hulleself lewe nie. In hierdie wêreld moet God altyd voor ons wees, of ons jonk of oud is.

Die belangrike vraag wat hieruit voortvloei is, hoe hou ons rekening met God; hoe is Hy altyd voor ons? Wat beteken dit om in hierdie lewe God te vrees? Dit beteken nie dat 'n mens in angs moet lewe nie. Vrees vir God beteken nie dat ons alewig bang moet wees vir 'n kwaai God wat nie kan wag om die kleinste foutjie te straf nie. Nee, ons God het ons lief. En om God in hierdie lewe te vrees beteken dat ons nie God se goedheid misbruik om slegte en verkeerde goed te doen nie. God, wat liefde is, bly Koning en Regter in ons lewe en verdra nie sonde nie.

In vers 10 maak die prediker dit duidelik deur te sê: “ Hou kommer uit jou hart...”. Onse Here Jesus maak dit nog duideliker in Matteus 6 vanaf vers 25 waar Hy sê dat bekommernis nie ‘n goeie ding is nie. Ek kan niks wen deur te bekommer nie. Ons kan nie ons lewens selfs met een enkele uur verleng deur ons te bekommer nie. Bekommernis het ‘n negatiewe effek in ‘n mens se lewe en dit doen meer sleg as goed. Kommer kan ook die liggaam kwaad aandoen. Wanneer iemand nie reg lewe nie, affekteer dit selfs die liggaam van daardie persoon. Met ander woorde, die hele mens word negatief geraak deur bekommernis.

Die jongeling moet rekening hou met die ouderdom wat kom

Daar is wel iets positief wat in die plek van kommernis gedoen kan word. Dit kry ons in die eerste vers van hoofstuk 12: “Dink aan jou Skepper in jou jong dae”. Die prediker gee ‘n paar redes hoekom dit belangrik is om aan jou Skepper te dink. Ons het maar ons eie redes hoekom ons aan God moet dink terwyl ons nog jonk. Daar is soveel uitdagings vir jongmense in vandag se wêreld. Uitdagings wat hulle ver van God kan laat leef.

Daar is ‘n wêreld wat baie mooi voorkom, maar die einde daarvan is die dood. Drankmisbruik, dwelmmisbruik, losbandigheid, oneerlikheid, ongehoorsaamheid ... om maar ‘n paar te noem, is alles uitdagings vir die jongmense. My vriende doen dit en dit lyk tog asof hulle dit geniet. Dit lyk of hulle so ongebonde, so vry is. Die Satan laat ons juis die leuen glo. Hy laat ons nie ware feite raaksien nie. Iemand wat dwelms gebruik, of te veel drink is verslaaf aan dit wat hy/sy gebruik. So ‘n persoon is gebind aan dit wat hy doen. En wanneer jy gebind is aan dit wat jy doen, is jy nie meer vry nie. Die mens wat vry is, is die een wat deur Christus vrygemaak is. Christus sê in Johannes: “Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak”. Leuens kan nie ‘n mens vrymaak nie. Om in leuens te lewe maak net die lewe moeiliker. Iemand wat lieg, moet elke dag dink hoe hy/sy die leuens moet verdraai, want leuens bly nooit dieselfde nie. Leuens moet gedurig deur by die situasie aangepas word. Die waarheid alleen bly onveranderd. Christus sê dat Hy die Waarheid is.

Die Prediker sê dat alle dinge wat nie goed is vir die liggaam nie, vermy moet word. Al die dinge wat ons hierbo genoem het, is beslis nie goed vir die liggaam nie. Dit is nie goed vir die volle mens nie, en dit moet vermy word. Ons moet ver van hierdie dinge af wegbly. Ons moet soek na daardie goed wat goed en gesond is vir die liggaam. Deur sleg te lewe in ‘n mens se jong dae maak dit baie moeilik wanneer ‘n mens oud word. Ons kan nou al in ‘n sekere mate bepaal hoe ons lewens môre sal wees en hoe ons oudag sal lyk.

As ons dan nou nie reg lewe, is daar tog ‘n uitweg. Christus alleen maak ons vry! Broers en susters, in julle voorbereiding om belydenis van julle geloof af te lê, is dit belangrik om te weet dat dit nie maar net daarvoor gaan om julle ouers bly maak nie. Dit gaan oor God. Dit gaan oor verantwoordelikheid voor Hom – om rekenskap te kan gee oor ALLES wat jy doen. Moet tog nie die fout maak deur te dink dat sodra jou belydenisaflegging verby is, jy maar kan gaan lewe soos jy wil nie. Al die mense vir wie Jesus genees het en wie se lewens Hy verander het, het die opdrag van die groot Geneesheer gekry: gaan dan heen en sondig nie meer nie. Wanneer jy tot belydenis kom, moet jy ook nie weer gaan sondig nie. Die ou mens moet nie meer deel van jou wees nie. Beklee jouself met die nuwe, met Christus.

Almal van ons word hier aangespreek. Oud en jonk. In Christus is ons nuwe mense en ons moet lewe soos nuwe mense. Nie in sonde nie, maar in vreugde wat in God gevind word. Ons moet elke dag aan ons Skepper dink in alles wat ons doen om die lewe te geniet. Ons hoef nie vasgebind te

lewe nie. Die punt is eenvoudig: jou jeug dae kan mooi en wonderlik wees, maar sonder God is dit 'n groot hartseer. Om aan jou Skepper te dink maak jou lewe juis makliker. Jy geniet die lewe beter en jou dae word langer. Die Here is die een wat lewe gee.

'n Lewe van kommernis maak die lewe tevergeefs, 'n gejaag na wind. Maar om aan jou Skepper te dink, maak die lewe die moeite werd. Sonder Hom is daar nie lewe nie. Jesus noem homself die Weg, die Waarheid en die Lewe. Om in Hom te glo is om in die Lewe te glo. Sonder hom is daar net dood. Die Prediker wys ons dat jonkheid nie vir ewig hou nie. Dit kom ook tot 'n einde. Die ouderdom kan daarom ook baie erg wees, eintlik erger wees sonder God. Om aan jou Skepper te dink is om die pad van wysheid te volg en die dae van vreugde uit te rek. Bekommernis kan nie jou dag met 'n uur verleng nie. Maar om aan God te dink kan jou lewe vreugdevol maak.

Die jongeling moet rekening hou met God

Ten slotte is die doel van die lewe of die doel van menswees so eenvoudig:

“Dien God en gehoorsaam al Sy gebooie. Dit is wat die mens gevra word”.

Jou hele lewe moet diens aan God wees. In die klaskamer, op die sportveld, by die huis, wanneer jy slaap en opstaan, met die etenstafel, by jou werk, letterlik in alle lewensomstandighede moet ons die Here dien. Dit is die opsomming, die samevatting van wat die Here ons hier leer. Met ander woorde: geniet die lewe in God. Doen alles tot sy eer. Wanneer ek op die rugbyveld, die tennisbaan of die netbalbaan is, moet ek nie 'n vyand raaksien nie, maar iemand raaksien wat na God se beeld gemaak is. Wanneer ek by my werk besig is om vir 'n promosie te werk, moet ek my medewerkmemers sien nie sien as mense wat ek moet afbreek om 'n hoë posisie te bereik nie. My hele lewe moet Christus uitbeeld. Ek moet God oral dien en in gehoorsaamheid aan Hom lewe.

Om Christen te wees is nie 'n deelydse verantwoordelikheid nie. Dit is nie net vir sekere tye bedoel nie. Ek moet Christen 24/7 wees. My lig moet so skyn dat die donker wêreld die grootheid en liefde van God deur my raaksien en so die Vader verheerlik. Ek mag nie lewe soos ek wil nie. Ek kan nie die lengte van die lewe bepaal nie, maar ek kan wel my houding, my gesindheid bepaal. Ek moet die lewe ten volle geniet in diens van die Here omdat die lengte van my lewe nie aan my bekend is nie. Maar hoe kan ons ten volle in diens van die Here staan terwyl ons mense is wat in sonde gebore is?

Geliefdes, God vra nie van ons wat Hy ons nie reeds gegee het nie. Hy verwag nie van ons wat Hy weet ons kan nie doen nie. Hy het ons Sy Heilige Gees kom gee om ons te lei in alle waarheid. Hy, die Heilige Gees, oortuig ons van alle sonde en is die Een wat ons teruglei na ons Verlosser wanneer ons dwaal. Hy wys ons die pad deur die Woord oop te maak vir ons. Hy laat die Woord vir ons soos 'n lig op ons pad skyn sodat ons nie dwaal nie. God laat ons nie op ons eie nie. Hy het ons nooit begewe of verlaat nie. Wanneer jy as jongeling belydenis aflê, moet jy dan nie dink dat jy nou op jou eie is nie. God het sy Seun Immanuel gestuur om met jou te wees. Jy wat alreeds belydenis afgelê, soms voel jy miskien dat God net te veel van jou verwag.

Soms voel jy dalk asof dit wat van jou geloof gevra word, net te streng is. Weet dan dat God nie van ons vra wat ons nie het nie. Hy verwag nie van ons wat ons nie kan nakom nie. Hy gee ons Sy Heilige Gees. Hy gee ons Sy Woord. Hy gee ons sy eniggebore Seun Jesus Christus. Hy laat ons nooit alleen of op ons eie nie. Ons moet rekening hou met God. Hy is Regter (3:17) en word kwaad wanneer sy kind nie in die waarheid lewe nie. Reeds vanaf 'n jong ouderdom moet ons kinders geleer word van die liefdevolle, genadige maar ook regverdige God. Dit is belangrik vir die kind om te weet dat hy/sy verantwoordelik is voor God en moet dus lewe in vrees van die Here.

Slot

Die lewe kan soms baie moeilik en onseker lyk. Ons hoef ons nie hieroor te veel bekommer nie. Ons hoef nie antwoorde vir alle lewensvrae te hê nie. Alles staan vir God oop en bloot!. Ons moet voor hom verantwoording doen oor hoe ons lewe. Wat dus belangrik is, is om op God te vertrou en hom te dien en ons liefde teenoor Hom te bewys deur sy geboorte te gehoorsaam omdat Hy ons verlos het. Dit is die hoofsom van die lewe. Dit is ons redelike godsdiens.

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm

Skrifberyming 2-4:1-3

1-

*Wat 'n liefde en volheidslewe,
waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe
dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié
wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie
as hul hoogste goed begeer nie.*

-2-

*Wat die Heer nog meer vervul het,
bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het
van die ewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom,
dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning
Hom aanskou in sy verskyning.*

-3-

*Wie die Midd'laar se verskyning
inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining
wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd:
Sonde is ongeregtheid!
Maar ons lewe uit God gebore,
is tot heilig-wees verkore!*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Prof Rantsoa Letšosa
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 September 2009

Preekopsomming: Ons moet rekening hou met die lewe deur God te dien terwyl ons die nodige krag en gesondheid daarvoor het.